Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE

2017

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n 18 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Debiteureversoening en Ouderdomsanalise	**Finansiële rekeningkunde** Versoen Debiteurekontrole met debiteurelys Ouderdomsanalise **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 2: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
BTW en Voorraadwaardasie	**Finansiële rekeningkunde** BTW-konsepte en berekeninge **Bestuur van hulpbronne** Voorraadwaardasie

VRAAG 3: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Vervaardiging	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat en notas Vertolking

VRAAG 4: 70 punte; 40 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Inkomstestaat en Vaste Bates	**Finansiële rekeningkunde** Konsepte en Inkomstestaat **Bestuur van hulpbronne** Vastebatebestuur

VRAAG 5: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Notas tot Finansiële State, Kontantvloeistaat en Vertolking	**Finansiële rekeningkunde** Konsepte; Kapitaal en Behoue-inkomste-notas; Kontantvloeiberekeninge Vertolking van finansiële inligting

VRAAG 6: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Begroting	**Bestuursrekeningkunde** Kontantbegroting: ontleed en vertolk **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 1: DEBITEUREVERSOENING EN OUDERDOMSANALISE

(30 punte; 20 minute)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die saldo in die Debiteurekontrolerekening behoort gelyk te wees aan die totaal van die debiteurelys.

1.1.2 Oninbare skulde sal in die Debiteure-afslagjoernaal geboekstaaf word.

1.1.3 'n Vooruitgedateerde tjek wat van 'n debiteur ontvang is, moet in die KOJ op die datum van ontvangs geboekstaaf word. (3 x 1) (3)

1.2 **MIZZY BOUTIQUE**

Die Debiteurekontrolerekening en die debiteurelys vir Februarie 2017, opgestel deur die boekhouer, bevat foute/weglatings.

GEVRA:

Gebruik die tabel wat verskaf word om die regstellings wat in die Debiteurekontrolerekening en debiteurelys aangebring moet word, aan te dui.

Verskaf syfers en 'n plus(+)- of minus(–)-teken vir elke regstelling. (13)

INLIGTING:

A.

	Debiteurekontrolerekening	**Debiteurelys**
Saldo/Totaal	R37 710	R39 490

B. Foute of weglatings om reg te stel:

(a) Geen inskrywing is vir 'n faktuur vir R7 440 wat aan G Gwen uitgereik is, gemaak nie.

(b) 'n Kwitansie vir R9 400, uitgereik aan debiteur B Crawley, is korrek in die relevante joernaal geboekstaaf. Dit is foutiewelik as R4 900 na sy Debiteuregrootboekrekening oorgeboek.

(c) 'n Faktuur vir R1 360, uitgereik aan A Naidoo, is korrek in die DJ geboekstaaf. Dit is foutiewelik na die verkeerde kant van haar rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

(d) 'n Tjek vir R1 350, ontvang van D Zulu, is in die KOJ geboekstaaf en so na die Debiteurekontrolerekening en Debiteuregrootboek oorgeboek. D Zulu se rekening is reeds afgeskryf.

(e) 'n Kredietnota vir R720, uitgereik aan W Wallace, is in die DAJ as R270 geboekstaaf en as sulks oorgeboek.

(f) Geen inskrywing is vir 'n geweierde tjek van R1 750 op die bankstaat van Februarie 2017 gemaak nie. Dit is oorspronklik van debiteur J Taylor ontvang om sy rekening van R1 950 te vereffen.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.3 GLENDALE HANDELAARS

Die debiteure-ouderdomsanalise op 30 April 2017 word verskaf. Kredietperiode is 30 dae.

GEVRA:

1.3.1 Verduidelik hoe 'n debiteure-ouderdomsanalise met interne kontrole oor debiteure kan help. (2)

1.3.2 Bereken die persentasie totale skuld wat die kredietperiode oorskry. (4)

1.3.3 Verduidelik EEN probleem (met syfers) met betrekking tot ELK van die volgende debiteure:

- D Pillay
- W Patel (4)

1.3.4 Verduidelik TWEE probleme (met syfers) met betrekking tot debiteur D Gouws. (4)

INLIGTING:

DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE OP 30 APRIL 2017:

	KREDIET-LIMIET	BEDRAG VER-SKULDIG	HUIDIGE MAAND	30 DAE	60 DAE	90 DAE
	R	R	R	R	R	R
D Pillay	10 000	11 800	1 980	9 820		
D Gouws	14 000	13 450	4 100	3 902	5 448	
Z Ngosi	2 800	2 550		2 550		
W Patel	14 000	11 192			9 112	2 080
P Peters	5 000	2 608	1 408	1 200		
		41 600	7 488	17 472	14 560	2 080
		100%	**?**	**?**	**?**	**?**

30

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: BTW EN VOORRAADWAARDASIE **(40 punte; 25 minute)**

2.1 **BTW**

2.1.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer ((a)–(d)) in die ANTWOORDEBOEK neer.

(a) BTW betaal aan 'n diensverskaffer vir die aankoop van goedere word as (inset-BTW/uitset-BTW) beskou.

(b) 'n (Debiet-/Krediet-)saldo in die BTW-kontrolerekening toon die finale bedrag betaalbaar aan SAID.

(c) BTW op onttrekkings van voorraad sal die BTW betaalbaar aan SAID (vermeerder/verminder).

(d) BTW sal nie by die betaling van (salarisse/elektrisiteit) deur die onderneming in berekening gebring word nie. (4 x 1) (4)

2.1.2 Bereken die BTW-bedrae.

Trek 'n kruisie (X) in die toepaslike kolom in die ANTWOORDEBOEK om aan te dui of dit die bedrag wat aan SAID verskuldig is, sal vermeerder of verminder. Alle items is onderhewig aan 14% BTW.

Nr.	JOER-NAAL	DOKUMENT	BTW EKSKLUSIEWE BEDRAG	BTW INKLUSIEWE BEDRAG
(a)	DAJ	Kredietnota uitgereik	R1 600	R1 824
(b)	KOJ	Kasregisterrol	R8 700	
(c)	KJ	Faktuur ontvang		R10 374

(10)

2.2 **VOORRAADWAARDASIE**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Bande Galore vir die 2017 finansiële jaar. Die onderneming verkoop een soort voertuigbande. Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel en die geweegdegemiddelde-metode om voorraad te waardeer.

GEVRA:

2.2.1 Gee 'n rede waarom die onderneming die geweegdegemiddelde-metode gebruik om die bandevoorraad te waardeer. (2)

2.2.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2017. (10)

2.2.3 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017:

- Koste van verkope (3)
- Bruto wins (3)
- Gemiddelde voorraadhoudingstydperk (in dae) (5)

2.2.4 Behoort die eienaar tevrede te wees met die voorraadhoudingstydperk hierbo bereken? Verduidelik. Haal syfers aan.

LET WEL: Die voorraadhoudingstydperk vir 2016 was 70 dae. (3)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's:

DATUM	EENHEDE	TOTAAL (insluitend vraggeld)
1 Maart 2016	94	R27 650
28 Februarie 2017	280	?

B. Aankope:

DATUM	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID (uitsluitend vraggeld)	TOTAAL
25 Maart 2016	375	R290	R108 750
19 Junie 2016	650	R320	R208 000
6 September 2016	1 120	R300	R336 000
10 Februarie 2017	540	R310	R167 400
TOTAAL	2 685		R820 150

C. Vrag op aankope:

On-Time Afleweraars vervoer die bande na die onderneming teen 'n vaste koste van R40 per band. Hierdie tarief het onveranderd gebly.

D. Terugsendings:

79 van die bande aangekoop op 6 September 2016, is teruggestuur. Die verskaffer het die onderneming met die kosprys per item gekrediteer. Geen terugbetaling is vir die vrag op aankope van hierdie terugsendings ontvang nie.

E. Verkope:

2 420 eenhede teen R400 elk = R968 000

40

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: VERVAARDIGING **(50 punte; 30 minute)**

3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Die lone van die fabriekskoonmakers word as (direkte arbeids-/ fabrieksbo-)koste geklassifiseer.

3.1.2 Fabriekshuur is 'n (vaste/veranderlike) koste.

3.1.3 Verpakkingsmateriaal gebruik, word as 'n (verkoops- en verspreidings-/ administrasie-)koste beskou.

3.1.4 Gelykbreekpunt verwys na die (minimum/maksimum) aantal eenhede wat geproduseer en verkoop moet word om alle koste te dek. (4 x 1) (4)

3.2 **INFINITY HOEDE**

Die inligting het betrekking op Infinity Hoede, 'n onderneming wat een soort hoed vervaardig. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2017 geëindig.

GEVRA:

3.2.1 Stel die Fabrieksbokoste-nota op. (14)

3.2.2 Voltooi die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (10)

3.2.3 Infinity Hoede oorweeg dit om grondstowwe teen 'n laer prys as wat hulle tans daarvoor betaal, in te voer.

Verskaf TWEE punte wat hulle moet oorweeg voordat hulle besluit. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit voorraadrekords op 28 Februarie 2017:

	2017	**2016**
Goedere-in-bewerking	R94 000	**R?**
Indirekte fabrieksmateriaal	R8 750	R5 950

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

B. Transaksies/Inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017:

Grondstowwe vir produksie uitgereik	**R?**
Indirekte materiaal aangekoop	36 000
Salarisse en lone	2 900 000
Huuruitgawe	291 000
Versekering	49 200
Telefoon toegeken aan die administrasie-afdeling	28 800
Diverse fabrieksuitgawes	189 856

C. 45% van salarisse en lone word betaal aan die werknemers wat direk in die produksieproses werk en 10% moet as die salaris vir die fabrieksvoorman toegeken word.

D. Huuruitgawe moet volgens die vloerspasie gebruik, toegeken word. Die fabriek beset 2 400 m^2. Die verkoops-en-verspreidings- en administrasie-afdelings beset die oorblywende 600 m^2.

E. Die versekeringspremie is tot en met 31 Mei 2017 betaal. Versekering word verdeel tussen die fabriek, die verkoops-en-verspreidings- en administrasie-afdelings in die verhouding 4 **:** 4 **:** 2.

F. 20% van die telefoonuitgawes moet aan die fabriek toegeken word. Die oorblywende bedrag word gelykop verdeel tussen die verkoops-en-verspreidings- en administrasie-afdelings.

G. 40 000 hoede is gedurende die finansiële jaar teen 'n koste van R120 per hoed vervaardig.

3.3 **SANYATI BAKKERY**

Jy word van inligting voorsien met betrekking tot Sanyati Bakkery vir die afgelope twee jaar.

Die onderneming maak oliebolle ('doughnuts') en koeke. Die eienaar, Damon Barker, het die netto wins van die afgelope twee finansiële jare vergelyk en opgelet dat dit met R730 700 gedaal het.

GEVRA:

3.3.1 **Verwys na Inligting B.**

Identifiseer die produksiekoste wat die grootste probleem veroorsaak het in die:

- Oliebolfabriek ('Doughnut factory')
- Koekfabriek

Verskaf relevante syfers. Gee in ELKE geval vir Damon 'n oplossing vir die probleem. (6)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.3.2 Verskaf berekeninge om te toon dat die gelykbreekpunt van 158 298 eenhede vir die oliebolle in 2016 korrek bereken is. (3)

3.3.3 Verduidelik waarom Damon bekommerd oor die gelykbreekpunt van oliebolle behoort te wees. Haal syfers aan. (3)

3.3.4 Damon is bekommerd oor die:

- Pryse wat die klante bereid is om te betaal
- Aanvraag na beide produkte

Lewer kommentaar op hierdie punte ten opsigte van ELKE produk. Haal syfers aan. (6)

INLIGTING:

	OLIEBOLFABRIEK		**KOEKFABRIEK**	
	2016	**2015**	**2016**	**2015**
A. Vaste koste	R372 000	R372 000	R206 000	R122 000
B. Veranderlike koste per eenheid				
Direkte materiaal	R4,50	R5,00	R22,50	R15,00
Direkte arbeid	R3,20	R2,00	R10,60	R10,20
Verkoop en verspreiding	R1,95	R2,00	R9,80	R9,50
Totaal	R9,65	R9,00	R42,90	R34,70
C. Addisionele inligting				
Verkoopprys van Sanyati Bakkery (per eenheid)	R12,00	R14,00	R65,00	R50,00
Verkoopprys van mededinger (per eenheid)	R13,00	R12,50	R55,00	R67,00
Netto wins	R192 000	R1 028 000	R191 800	R23 500
D. Eenhede vervaardig en verkoop	240 000	280 000	18 000	15 000
E. Gelykbreekpunt	158 298	78 316	9 321	13 465

50

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 4: INKOMSTESTAAT EN VASTE BATES **(70 punte; 40 minute)**

4.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.5 E.

KOLOM A	KOLOM B
4.1.1 Inkomstestaat	A dui die bron van fondse aan en hoe dit aangewend is
4.1.2 Balansstaat	B dui die mening oor die betroubaarheid van die finansiële state aan
4.1.3 Kontantvloeistaat	C dui die finansiële posisie van die onderneming op 'n spesifieke dag aan
4.1.4 Onafhanklike Ouditverslag	D dui wins of verlies vir 'n finansiële tydperk aan

(4 x 1) (4)

4.2 **MTOMBENI BPK.**

Die inligting het betrekking op Mtombeni Beperk vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017.

GEVRA:

4.2.1 **Verwys na Inligting A en B en bereken:**

- Drawaarde van die voertuig op 30 November 2016 verkoop (5)
- Totale waardevermindering op toerusting op 28 Februarie 2017 (7)

4.2.2 Stel die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op. (54)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INLIGTING:

Inligting onttrek uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2017:

Balansstaatrekeninge-afdeling	
Grond en geboue	1 600 000
Voertuie	**?**
Toerusting	250 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (01/03/2016)	85 000
Handelsvoorraad	386 500
Debiteurekontrole	88 500
Voorsiening vir oninbare skulde	3 650
Verbandlening: Quick Bank	1 056 000
Nominalerekeninge-afdeling	
Verkope	5 500 000
Koste van verkope	3 150 000
Debiteure-afslag	32 500
Direkteursfooie	380 000
Ouditfooie	54 000
Oninbare skuld	13 600
Huurinkomste	169 500
Rente op lening	**?**
Versekering	19 220
Salarisse en lone	475 000
Oninbare skulde ingevorder	4 750
Verbruiksgoedere	67 500
Bankkoste	7 760
Diverse uitgawes	140 085
Rente-inkomste	**?**

Aansuiwerings en addisionele inligting:

A. Geen inskrywings is gemaak vir 'n voertuig wat op 30 November 2016 vir R97 700 kontant verkoop is nie. Besonderhede van die voertuig:
- Kosprys, R190 000
- Opgehoopte waardevermindering (1 Maart 2016), R72 000
- Waardeverminderingskoers: 20% p.j. op kosprys

B. Maak soos volg voorsiening vir waardevermindering:
- Op oorblywende voertuie – R138 000 vir die finansiële jaar
- Op toerusting teen 10% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode
  LET WEL: Nuwe toerusting is teen 'n koste van R32 000 aangekoop en op 1 September 2016 geboekstaaf.

C. Goedere vir R15 000 op krediet verkoop aan debiteur, J Gander, is nie geboekstaaf nie. Die winsopslag is 60% op kosprys.

D. 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2017 toon handelsvoorraad van R374 000.

E. Verbruiksgoedere gebruik gedurende die finansiële jaar beloop R61 700.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

F. Die rekening van debiteur, L Maseko, moet as oninbaar afgeskryf word, R1 900.

G. Inskrywings op die Bankstaat van Februarie 2017 wat nog nie in die boeke van die maatskappy geboekstaaf is nie:

- Bankkoste, R870
- Debietorderbetaling vir die maandelikse versekeringspremie, R1 780

H. Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R4 030 aangesuiwer word.

I. Leningstaat ontvang, toon die volgende:

Saldo: 1 Maart 2016	1 356 000
Rente	**?**
Terugbetaling gedurende die finansiële jaar	300 000
Saldo: 28 Februarie 2017	1 200 000

J. 'n Werknemer, H Brooks, wat op 1 Februarie 2017 begin werk het, is uit die Salarisjoernaal gelaat. Besonderhede van sy salaris vir Februarie 2017 is:

BRUTO SALARIS	**AFTREKKINGS**			**BYDRAES**	
	LBS	**PENSIOEN-FONDS**	**WVF**	**PENSIOEN-FONDS**	**WVF**
13 500	2 190	1 080	135	1 620	135

LET WEL: Alle bydraes word as deel van salarisse en lone geboekstaaf.

K. Die huurinkomste is vanaf 1 November 2016 met R1 500 per maand verhoog. Die huurder het nog nie die huur vir Februarie 2017 betaal nie.

L. Rente-inkomste is die ontbrekende syfer in die Inkomstestaat.

M. Inkomstebelasting is teen 28% van netto wins bereken.

N. Netto wins na belasting het R864 000 beloop.

70

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 5: NOTAS TOT FINANSIËLE STATE, KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (65 punte; 40 minute)

5.1 Kies EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings uit die lys hieronder. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

beperkte aanspreeklikheid; netto bedryfskapitaal; hefboom; solvensie; likiditeit

5.1.1 Die onderneming se vermoë om sy korttermynskuld in die volgende finansiële jaar te betaal

5.1.2 Die mate waartoe die maatskappy deur geleende kapitaal (lenings) gefinansier is

5.1.3 Die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste

5.1.4 Aandeelhouers sal nie gevra word om hulle persoonlike besittings te gebruik om die maatskappy se skuld te vereffen nie (4 x 1) (4)

5.2 **MIKHA BPK.**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mikha Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2016.

GEVRA:

5.2.1 Stel die volgende notas op 31 Desember 2016 op:

- Gewone aandelekapitaal (6)
- Behoue inkomste (9)

5.2.2 Voltooi die KONTANTEFFEKTE VAN BEDRYFSAKTIWITEITE-afdeling van die Kontantvloeistaat. Toon bewerkings. (9)

5.2.3 Bereken die volgende syfers wat in die Kontantvloeistaat sal verskyn. Noem of dit invloei of uitvloei is.

- Verandering in vaste deposito (3)
- Opbrengs met verkoop van toerusting (6)

5.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Desember 2016:

- Winsopslagpersentasie op kosprys (4)
- Skuld-ekwiteit-verhouding (4)
- Netto batewaarde (in sent) (3)

5.2.5 Die finansiële direkteur is uitgevra oor die besluit om die lening te verhoog. Verduidelik wat hy behoort te sê om hierdie besluit te regverdig. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan. (6)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

5.2.6 Ashraf, 'n nuwe aandeelhouer, het 70 000 aandele op 31 Augustus 2016 gekoop. Hy het van die maatskappy verwag om minstens 80% van die verdienste, soos wat in 2015 gedoen is, te verdeel.

- Ashraf is ongelukkig met die dividenduitbetalingsbeleid vir 2016. Verskaf 'n berekening om sy mening te staaf. (3)
- Verduidelik TWEE punte om die maatskappy se besluit oor dividende vir 2016 te staaf. (4)

5.2.7 Lewer kommentaar op die terugkoopprys wat op 30 Desember 2016 vir die 40 000 aandele betaal is. Verskaf TWEE finansiële aanwysers (met syfers) in jou kommentaar. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 31 Desember 2016:

Verkope	R6 090 000
Bruto wins	1 890 000
Rente-uitgawe (alles betaal)	100 000
Waardevermindering	360 400
Netto wins voor belasting	1 150 000
Inkomstebelasting	322 000

B. Uittreksel uit Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 31 Desember 2016:

	2016	**2015**
Gewone aandelekapitaal	R4 752 000	R4 200 000
Behoue inkomste	637 000	276 000
Vaste bates (drawaarde)	5 828 000	4 905 800
Vaste deposito's	200 000	500 000
Lening: Sharks Bank	1 000 000	600 000
Kontant en kontantekwivalente	126 400	2 000
Oortrokke bank	-	85 600
SAID: Inkomstebelasting	3 600 (Dt)	9 200 (Kt)
Aandeelhouers vir dividende	175 000	270 000

C. Aandelekapitaal:

- Die maatskappy is geregistreer met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 800 000 gewone aandele.
- Teen 1 Januarie 2016 is 600 000 gewone aandele reeds uitgereik.
- Op 31 Augustus 2016 is 'n verdere 100 000 aandele uitgereik.
- Op 30 Desember 2016 het die maatskappy 40 000 aandele van 'n ontevrede aandeelhouer teen R1,30 meer as die gemiddelde uitreikprys van R7,20 teruggekoop. Hierdie aandeelhouer het vir finale dividende gekwalifiseer.

D. Dividende:

- Tussentydse dividende is op 30 Junie 2016 betaal.
- 'n Finale dividend van 25 sent per aandeel is op 31 Desember 2016 verklaar.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

E. Vaste bates:

- R1 495 000 is vir aanbouings by geboue betaal.
- Ou toerusting is teen drawaarde vir kontant verkoop.

F. Finansiële aanwysers op 31 Desember 2016:

	2016	**2015**
Skuld-ekwiteit-verhouding	**?**	0,1 : 1
Verdienste per aandeel	131 sent	122 sent
Dividende per aandeel	65 sent	100 sent
Dividenduitbetalingskoers	**?**	81,9%
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB)	16,8%	16,3%
Opbrengs op gemiddelde totale kapitaal aangewend (OOTKA)	21,8%	21,3%
Netto batewaarde (NBW)	**?**	746 sent
Rentekoers op lenings	12,5%	12%
Markprys van aandele (JEB)	848 sent	836 sent

65

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 6: BEGROTING **(45 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot XYZ Meubileeders waarvan Piet Morake die eienaar is.

GEVRA:

6.1 Piet het op 30 April 2017 die syfers hieronder geïdentifiseer. Lewer kommentaar op die kontrole van ELKE item en gee EEN punt van advies in elke geval.

	APRIL 2017	
	BEGROOT	**WERKLIK**
Telefoon	1 000	3 800
Personeelopleiding	2 500	800

(4)

6.2 **Verwys na Inligting C.**

Identifiseer TWEE items wat foutiewelik in die Kontantbegroting ingeskryf is. (2)

6.3 Voltooi die Krediteurebetalingskedule vir Junie 2017. (9)

6.4 Identifiseer/Bereken die ontbrekende syfers **(i)** tot **(vii)** in die Kontantbegroting. (21)

6.5 Piet wil koste bespaar deur nie 'n gratis afleweringsdiens aan te bied nie. Is dit 'n goeie idee? Verduidelik. (3)

6.6 Piet moet sy ou toerusting in Julie 2017 vervang, maar het nie die kontant beskikbaar nie. Die koste van die nuwe toerusting beloop R180 000. Die nuwe items sal na verwagting 5 jaar hou. Opsies is:

- Verkry 'n nuwe lening van R180 000 teen 'n rentekoers van 15% p.j., terugbetaalbaar oor 24 maande.
- Huur (bruikhuur) die bates by Computer Solutions teen R6 250 per maand.
- Vra 'n vriend om 'n gelyke vennoot te word deur R180 000 kapitaal te verskaf.

Verduidelik EEN voordeel en EEN nadeel van ELKE opsie. (6)

INLIGTING:

A. Verkope, aankope van voorrade en koste van verkope:

- Totale verkope:

Werklik	Maart	R120 000
	April	R135 000
Vooruitgeskat	Mei	R150 000
	Junie	R180 000

- 40% van verkope is kontant, die res is op krediet.
- Die winsopslag is 50% op kosprys.
- Voorraad word op 'n maandelikse basis vervang.
- 20% van aankope is kontant; die res is op krediet.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

B. Krediteurebetaling:

Daar word verwag dat krediteure soos volg betaal sal word:

- 75% word in die maand van aankope betaal om 'n 5%-korting te ontvang.
- 15% word in die maand na aankope betaal.
- 10% word in die tweede maand na aankope betaal.

C. Afleweringskoste:

Piet betaal Fast Deliveries om goedere gratis by klante af te lewer. Hy begroot 'n vaste persentasie van maandelikse verkope vir hierdie uitgawe.

D. Salarisse en lone:

Werknemers ontvang 'n verhoging van 7,5% vanaf 1 Junie 2017.

E. Lening:

'n Gedeelte van die lening sal op 1 Junie 2017 terugbetaal word. Rente van 15% p.j. word maandeliks betaal en word nie gekapitaliseer nie.

F. Uittreksel uit Kontantbegroting vir Mei en Junie 2017:

ONTVANGSTE	**MEI**	**JUNIE**
Kontantverkope	60 000	**(i)**
Invordering van debiteure	78 300	89 550
Kommissie-inkomste		
Huurinkomste	7 500	7 750
BETALINGS		
Kontantaankope van voorraad	**(ii)**	
Betalings aan krediteure	74 200	
Afleweringsuitgawes van goedere na klante	9 000	**(iii)**
Salarisse en lone	**(iv)**	38 700
Skryfbehoeftes		
Telefoon	1 000	1 000
Kantoormeubels op krediet gekoop	40 000	0
Personeelopleiding	2 500	2 500
Advertensies	1 500	1 800
Waardevermindering	12 500	12 500
Leningterugbetaling		**(v)**
Rente op lening	2 100	1 500
Diverse uitgawes	3 300	3 400
Kontantonttrekkings deur eienaar		
Voertuiguitgawes	0	800

G. Na finalisering van die begroting is die volgende geïdentifiseer:

	MEI	**JUNIE**
Kontanttekort vir die maand	(19 450)	**(vii)**
Kontant aan begin van maand		35 500
Kontant aan einde van maand	**(vi)**	(7 300)

45

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore